[7] N.G. Kerk Meyerspark – Weeklikse Individuele Bybelstudie uit die Psalms – Psalm 15

A. Inleiding

Met Ps 15 bereik die leser van die Psalms die begin van 'n nuwe groep wat (na my oordeel) sommige van die mooiste psalms in die boek bevat. Dié groep van 15-24 is boonop uiters kunstig saamgevoeg en gerangskik. Psalms 1-2, die inleiding tot die Psalms, vorm steeds die riglyn waarvolgens 'n mens hierdie Dawidsgebede moet lees en as jou eie gebede moet herhaal. Die fokus is naamlik op die Here se Woord (sy Tora) as riglyn vir 'n gelukkige lewe (Ps 1), en hoe die Here sy heerskappy deur sy gesalfde, sy koning, op aarde wil vestig (Ps 2). Waar Psalms 3-14 egter primêr deur lyding en klagte oor die "*afwesigheid*" van die Here gekenmerk is (darem ook baie verklarings van vertroue), word Psalms 15-24 deur baie meer vreugde en die *teenwoordigheid* van die Here gekenmerk (wel ook groot nood en smeking om hulp in Psalms 17 en 22). Die volgende tabel verduidelik die **konsentriese** uitleg van die groep 15-24:

15	Die voorreg om in die Here se teenwoordigheid te wees deur sy Woord te hou
16	Die vreugde en voorreg om vir ewig in die Here se teenwoordigheid te wees
17	Smeekgebed om bewaring van die goddelose deur iemand wat die Here se Woord hou
18	Dankpsalm en toewyding van die koning wat hom aan die Woord gehou het
19	Lof aan die Here, die Skeppergod, wat sy dienskneg deur sy Woord bewaar
20-21	Koningspsalms: Gebed om redding van die koning; danksegging vir ingrype
22	Smeekgebed in groot gevaar en skande; belofte van danksegging
23	Vertroue in die Here en die voorreg om vir ewig in sy teenwoordigheid te wees
24	Die voorreg om in die Here se teenwoordigheid te wees, die groot Koning in sy tempel

Psalm 15, wat dus baie ooreenkomste met Ps 24 het, is vir lank beskou as 'n voorbeeld van 'n "toegangsliturgie". Geleerdes het gereken dat mense wat die tempel wou besoek, deur die priester by die tempelpoort ondervra is as 'n soort toets om toegelaat te word. Indien daar so 'n prosedure was, sou dit egter op kultiese reinheid fokus, en sou die vraag nie soos in Ps 15 aan die Here gevra word nie! Ons het ook geen aanduiding van die bestaan van sodanige "liturgie" nie. Die funksie van die psalm is veel meer om, soos Ps 1, *'n omskrywing te gee van die lewe van die opregte gelowige*. As 'n gebed van "Dawid" tot die Here, beskryf dit sy morele standaarde wat aan elke leser die uitdaging bied om dit na te sê, en daarmee te bevestig dat dit jou eerlike strewe is om só te lewe en jou begeerte om permanent in die Here se teenwoordigheid te wees.

Ná die dubbele vraag aan die begin oor wie in die Here se teenwoordigheid mag bly, bevat Ps 15 12 stellings oor die regverdige se optrede (+++, ---, ++-, ---). Die heel laaste een is 'n konklusie oor die persoon wat só optree, wat dus weer by die vraag aansluit. Daar is positiewe en negatiewe stellings, baie soos Ps 1. Soos in Ps 1 word die lewe ook as 'n pad voorgestel ("opreg wandel" in v. 2; "nie struikel nie" in v. 5) en die opregtes en goddeloses word skerp teenoor mekaar afgegrens. 'n Gelowige behoort, volgens die psalmis, nie vriende te hê onder diegene wat deur God verwerp is nie (vers 4a). Dit is maar dieselfde skeiding waarvan Ps 1:1 en 5 praat.

Psalm 15

1	’n PSALM van Dawid. HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg?	Ps. 24:3,4. Ps. 2:6; 3:5.
2	Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek;	Sag. 8:16-17; Efes. 4:25.
3	wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie;	Ps. 34:14-15.
4	in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees; al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie;	
5	wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie.	Eks. 23:8; Ps. 26:10.

B. Besprekingsvrae

1. Die lewe word in die Psalms dikwels as ’n pad voorgestel. Vir die gelowige is die lewenspad die Here se pad, wat die gelowige moet loop met die Woord van die Here as padkaart. Hy en sy moet op die pad bly, nie daarvan “afwyk” (afdraai) nie en probeer om nie te “struikel” of te “wankel” nie. “Opreg wandel” en “geregtigheid doen” in vers 2 is eintlik oorkoepelende uitdrukkings. Hoe help die volgende verse ons om hierdie beskrywings beter te verstaan? Ps 18:22-24; 119:1; Spr 28:18.

2. Watter beskrywings van die opregte gelowige in Ps 15 het alles met ’n mens se woorde te doen? Dit lyk of ’n mens se spraak vir die skrywer van die psalm ’n baie belangrike aspek van die lewe was. Watter lig werp Ps 5:5-7, 10:7 en 12:3-5 op hierdie klem in die psalm?

3. Vers 4 se laaste deel verwys blykbaar na iemand wat ’n (mondelinge) ooreenkoms aangegaan het met ’n vriend of buurman, en later uitgevind het die ooreenkoms berokken hom skade, maar dan nogtans by die ooreenkoms hou. Hierdie eerbare gedrag en twee dinge wat in vers 5 genoem word, is kenmerke van ’n bepaalde ingesteldheid teenoor geld. Watter ingesteldheid is dit? “Woeker” beteken om rente te vra op geld wat jy uitleen. Die rede waarom dit oral in die Bybel verbied word, is omdat sulke rente onmoontlik hoog was (30-50%) en die arme persoon wat moes leen, dikwels nooit weer daarvan sou herstel nie.

4. Psalm 15 se boodskap is maar baie dieselfde as dié van Ps 1 en Ps 5 – die Here verdra nie onreg nie, maar is lief vir eerbaarheid en geregtigheid en Hy bewaar die mense wat volgens sy voorskrifte leef. Hoe word die voorreg om permanent in die Here se teenwoordigheid te wees, in Ps 1:3 en Ps 5:8-9 en 12-13 beskryf?

5. As Christene weet ons dat ons nie “op die Here se berg” hoef te woon om in sy teenwoordigheid te wees nie. Hy is by ons, waar ons ook al is. Maar, dit stel hoë eise aan ons moraliteit. Toets jouself aan Ps 15 en praat eerlik met die Here oor aspekte wat reggeskaaf moet word. Sê ook vir Hom dankie vir die voorreg om, deur sy genade (Ps 5:8), altyd by Hom te mag wees.

C. Riglynantwoorde

1. In Ps 18:22-24 sê die digter “Ek het die weë van die Here gehou en nie goddeloos van my God afgewyk nie; ... al sy verordeninge was voor my ... sy insettinge het ek nie verwyder nie, maar ek was opreg by Hom, en ek was op my hoede vir my ongeregtigheid”. Om die weë van die Here te hou, beteken dus om sy voorskrifte te volg en om opreg te wees beteken om te waak teen ongeregtigheid. Al word die Wet van die Here dus nie by name genoem in Ps 15 nie, is dit die maatstaf vir die digter se optrede. Ps 119:1 sê die mense wie se weg opreg is, loop “in die wet van die Here.” Weereens is die Here se voorskrifte die riglyn vir opreg wees. Spr 28:18 sê die Here help die persoon wat opreg wandel, maar hy of sy wat rondval tussen die twee weë, sal meteens val. Dit help ook om vers 5 se “wankel” of “struikel” te verstaan.

2. Vers 2: Wat met sy hart die waarheid spreek; vers 3: nie rondgaan met laster op sy tong of teen sy naaste ’n “smaadrede” uitspreek nie (nie iets skandeliks oor hom sê nie; hom nie beledig nie); vers 4: al het hy gesweer tot sy skade, verander hy nie. Ps 5:7 sê dat “leuensprekers” sal omkom, hulle is deel van die kwaaddoeners wat nie by die Here mag vertoef nie (sien Ps 15:1). Ps 10:7 sê die goddelose se mond is vol van vloek en bedrog en verdrukking, moeite (moeilikheid, skade) en onreg skuil onder sy tong. Ps 12:3-5 praat ook van leuens, vleitaal, grootpratery, en mense wat arrogant reken hulle monde gee hulle die oorhand selfs oor die Here. In die samelewing waarvan die psalmdigter praat, so lyk dit, het die goddelose met hulle monde gelieg en bedrieg, gevloek, gedreig en geïntimideer om ander te veronreg.

3. Die verbreking van ’n ooreenkoms, die uitleen van geld teen ’n onmoontlike rentekoers, en omkoopgeld om ’n skuldige te laat vrykom in ’n regsaak (en die onskuldige te laat veroordeel) dui alles op inhaligheid. Slegs onkreukbare eerlikheid en gehoorsaamheid aan die Here kan maak dat ’n mens al hierdie versoekings weerstaan.

4. In Ps 1:3 sê die teks dit is om soos ’n boom te wees wat by waterstrome geplant is – om in die teenwoordigheid van die Here te leef, beteken groeikrag om vrug te kan lewer waarby ander mense kan baat. Ps 5:8-9 praat van die voorreg as ’n gevolg van die Here se goedertierenheid, sy troue liefde, en dat die Here aan so iemand leiding gee om op die regte pad te bly (“maak u weg voor my reg”). Ps 5:12-13 sê diegene wat by die Here skuil sal bly wees, jubel en juig, want die Here beskerm hulle en seën hulle. Hy omring hulle met welbehae soos ’n skild.